KRUISKERK.CO.ZA
gespreksgemeente sonder grense
info@kruiskerk.co.za

*Steek 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Johannes 3 : 1-21
**Tema :** Onwaarskynlike gespreksgenote en die wil om te weet . Met wie is jou nag gesprekke?

## BROODJIES VIR DIE PAD

"To be wise is to be eternally curious."
— Frederick Buechner

"We're all lonely for something we don't know we're lonely for. How else to explain the curious feeling that goes around feeling like missing somebody we've never even met?"
— David Foster Wallace

"Throughout his life, Albert Einstein would retain the intuition and the awe of a child. He never lost his sense of wonder at the magic of nature's phenomena-magnetic fields, gravity, inertia, acceleration, light beams-which grown-ups find so commonplace. He retained the ability to hold two thoughts in his mind simultaneously, to be puzzled when they conflicted, and to marvel when he could smell an underlying unity. "People like you and me never grow old," he wrote a friend later in life. "We never cease to stand like curious children before the great mystery into which we were born."
— Walter Isaacson

"Choosing to be curious is choosing to be vulnerable because it requires us to surender to uncertainty. We have to ask questions, admit to not knowing, risk being told that we shouldn't be asking, and, sometimes, make discoveries that lead to discomfort."
— Brené Brown, Atlas of the Heart: Mapping Meaningful Connection and the Language of Human Experience

"There aren't many such enthusiasts born. The average person is not especially curious about the world. He is alive, and being somehow obliged to deal with this condition, feels the less effort it requires, the better. Whereas learning about the world is labor, and a great all-consuming one at that. Most people develop quite antithetical talents, in fact - to look without seeing, to listen without hearing, mainly to preserve onself within oneself."
— Ryszard Kapuściński, Travels with Herodotus

"Every bit of learning is a little death. Every bit of new information challenges a previous conception, forcing it to dissolve into chaos before it can be reborn as something better. Sometimes such deaths virtually destroy us."
— Jordan B. Peterson, 12 Rules for Life: An Antidote to Chaos

"When I look back at the past and think of all the time I squandered in error and idleness, lacking the knowledge I needed to live; when I think of how I sinned against my heart and my soul, then my heart bleeds. Life is a gift, life is happiness … Every minute could have been an eternity of happiness! If youth only knew. Now my life will change, now I will be reborn."
— Fyodor Dostoevsky

"Resurrection. In the crude form in which it is preached to console the weak, it is alien to me. I have always understood Christ's words about the living and the dead in a different sense. Where could you find room for all these hordes of people accumulated over thousands of years? The universe isn't big enough for them; God, the good, and meaningful purpose would be crowded out. They'd be crushed by these throngs greedy merely for the animal life.

But all the time, life, one, immense, identical throughout its innumerable combinations and transformations, fills the universe and is continually reborn. You are anxious about whether you will rise from the dead or not, but you rose from the dead when you were born and you didn't notice it."
— Boris Pasternak, Doctor Zhivago

"Best not to look back. Best to believe there will be happily ever afters all the way around - and so there may be; who is to say there will not be such endings? Not all boats which sail away into darkness never find the sun again, or the hand of another child; if life teaches anything at all, it teaches that there are so many happy endings that the man who believes there is no God needs his rationality called into serious question.."
— Stephen King

**Tanya van Wyk: Hoe veilig is 'geregtigheid' in ons mond?**

Geregtigheid. Dit is 'n "swaar" woord. Ek wonder dikwels oor die wyse waarop ons die woord in die mond neem.

Dit herinner my aan 'n verhaaltjie wat een van my kollegas altyd aan sy studente vertel: Op 'n keer is daar aan klein kinders gevra wat "liefde" is. Van hulle het blykbaar gesê liefde is die reuk van my ma of die drukkies van my pa. Een kind het gesê: "Liefde is die manier waarop jy my naam sê, want ek weet dit is veilig in jou mond."

Hoe veilig is die woord "geregtigheid" in ons monde? So wonder ek die afgelope week terwyl ek omring is deur baie verskillende menings te midde van protesterende werknemers en ontevrede studente wat nie op die kampus kan kom nie. Hoe hanteer ons teleurstelling en frustrasie? Hoe hanteer ons ontnugtering en onreg? Hoe luister ons na mekaar?

My gedagtes gaan terug na Chris Louw se "Boetman is die bliksem in"-brief, wat die Afrikaanse media destyds soos 'n tsoenami getref het. Ek was skaars klaar met matriek en ek het by my ma se eetkamertafel gesit en dit gelees. Louw se ontnugtering en woede oor verraad en die gevolge van 'n bepaalde ideologie was aanvoelbaar deur die koerant se papierbladsye. En ek wonder: Wat sou geregtigheid vir hóm beteken het?

Wat beteken geregtigheid vir ander Afrikaanse kinders wat ontnugter is? Wat beteken geregtigheid vir diegene wat 03:00 soggens opstaan om die plastiek in vullis bymekaar te maak om te verkoop? Hoe lyk geregtigheid vir die oorlewendes van die gesin wat op die plaas vermoor is? Hoe lyk geregtigheid vir die nasate van die werkers op wynplase wat onder die dopstelsel hul arbeid verrig het? Wat beteken geregtigheid vir die huiswerker wat haar hele uitgebreide gesin aan die lewe moet hou met haar karige salaris? Hoe lyk geregtigheid vir die Khoi-San van Suidelike Afrika? Wat beteken geregtigheid vir die vrou wat verkrag is en die man met kanker wat smag na 'n genadige dood?

Wie se geregtigheid weeg die swaarste? Wie se pyn is die seerste? Wie se onthou strek die verste? Wie se skuldlas is die grootste? Nie een van ons besit die maatband en die weegskaal om daardie berekening te doen nie, en tog doen ons dit aanhoudend. Ons kan lank praat oor die onderskeid tussen distributiewe, vergeldende en herstellende geregtigheid. Dikwels ontaard sulke gesprekke in 'n toutrekkery oor wie se geregtigheid die swaarste weeg, die kompleksiteit van die situasie word ontken of gesprekke oor geregtigheid word afgemaak as 'n simptoom van 'n "woke"-kultuur. Dit is nou Lydenstyd in die Christelike kerkjaar – 'n tydperk van selfopoffering en vergifnis. Miskien is dit vir ons nodig om te onthou dat geregtigheid met hierdie twee dinge gepaardgaan. Want as ons dit vergeet, is "geregtigheid" dalk nooit veilig in ons monde nie.

*• Van Wyk is medeprofessor in sistematiese teologie by die Universiteit van Pretoria. Die menings van skrywers is hul eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.*

---

## BROOD VIR DIE PAD

**Geestelike waardes: Dit is wát en hóé ons aanbid wat werklik saak maak**

Teen die einde van sy beroemde geleentheidstoespraak by 'n gradeplegtigheid van Kenyon College in 2005 – later uitgegee onder die titel This is Water: Some Thoughts, Delivered on a Signifcant Occasion, about Living a Compassionate Life – merk die Amerikaanse skrywer David Foster Wallace (1962-2008) op: "There is no such thing as not worshipping. Everybody worships. The only choice we get is what to worship. And an outstanding reason for choosing some sort of god or spiritual-type thing to worship . . . is that pretty much anything else you worship will eat you alive."

As jy, vervolg Wallace, geld en besittings aanbid, sal jy nooit voel of jy genoeg het nie. As jy jou eie liggaam of aantreklikheid aanbid, sal jy soos die ouderdom begin wys 'n miljoen dode ervaar voordat jy fisiek doodgaan. As jy status en mag aanbid, sal jy altyd nog meer mag oor ander moet uitoefen om jou vrees hok te slaan. As jy jou intellek aanbid, sal jy altyd bang wees jy word ontmasker as nie so slim soos jy voorgee nie.

Wallace, wat 'n onstuimige lewe gehad het, wys verder daarop dat ons onbewus lewe van ons skewe vorms van aanbidding – ook van hoe sekere kragte in die samelewing voordeel daaruit trek dat dit ons verstekinstelling (default setting) is.

Dit is ook die punt wat die Rooms-Katolieke politieke teoloog William Cavanaugh, in aansluiting by Wallace, in sy onlangse uitvoerige werk The Uses of Idolatry maak. In 'n sekulêre tyd en ontluisterde wêreld, meen Cavanaugh, het aanbidding nie verdwyn nie. Dit het bloot 'n fokusverskuiwing ondergaan. Die teologiese idee van afgodery vra dus steeds ons aandag, en Cavanaugh gaan uitvoerig in op hoe dit in ons dag

vorm vind in die verleidings van nasionalisme en ons verbruikerskultuur.

Wat sowel Cavanaugh en Wallace na heenwys, weliswaar uit verskillende invalshoeke en in verskillende registers, is dat wát en hóé ’n mens aanbid saak maak. Daarom die oproep om met aandag en sorg te leef, om bewustelik om te gaan met dit wat wesentlik in die lewe is. Wat Cavanaugh verder onderstreep, is dat aanbidding met die regte gerigtheid nie ’n wegdraai van die materiële wêreld beteken nie. Dit vra juis vir ’n meer sakramentele omgang daarmee, ’n openheid vir dit wat dikwels verborge in die gewone is.

Soos Cavanaugh dit in meer teologiese taal uitdruk: Weerstand teen afgodery verg ten diepste ’n daad van dankbare ontvanklikheid vir die goeie gawes wat God ons skenk. Dit vra dat ons gelyktydig nie van dinge ’n god te maak nie én God in dinge sien. – RRV

*wynandgnel@outlook.com 082 901 5877*